*UIT DIE PEN VAN DIE CEO (35/11)*

*Justin Chadwick (9 September 2011)*

GESEGDE VAN DIE WEEK "**To be sure of hitting the target, shoot first and, whatever you hit, call it the target" Patrick Toche**

## KWALITEITSWERKSWINKEL

Dankie aan Graham Barry wat 'n konstruktiewe werkswinkel oor die kwaliteit van Satsumas, nawels en suurlemoene gelei het. Alhoewel die oorwegende faktor wat tot sommige gehalteprobleme in 2011 gelei het as die ongewone klimaatstoestande geïdentifiseer is, is daar ook produksie, verpakking en vervoerpraktyke wat verbeter kan word. 'n Volledige verslag van die werkswinkel sal saamgestel word, aksieplanne sal geformuleer word en beste praktyke sal ontwikkel en aan almal wat voordeel kan trek uit die voorstelle wat tydens die vergadering geopper is, gekommunikeer word. Dankie aan Arend Venter wat die uitvoerders se sienings oor die kwessie bymekaar gekry het, Paul Cronje (CRI) vir tuinboukundige insig oor die aspekte van die probleme wat geopper is, Johan Joubert (CRI) vir insette oor kultivars en onderstokke, Steve Turner vir die interpretasie en aanbieding van die weerdata, Keith Lesar vir insette van die pakhuise, Paul Hardman (CGA) vir die langtermyn modelering, Hannes Bester (CRI) vir sy aanbieding oor die Satsuma-kwessie, Richard Fenwick (CRI) wat na die optimum oes-tydperke gekyk het, Elma Carstens (CRI) wat notas geneem het, produsente (veral die wat die verskillende fokusgroepe verteenwoordig het) en uitvoerders wat bygewoon het vir hul konstruktiewe deelname en ander belanghebbendes wat gehelp het om die belangrike saak aan te pak. Die bedryf sal in kennis gestel word wanneer die finale verslag saamgestel is.

## JAARLIKSE SITRUSKOöRDINERINGSVERGADERING

Die sitrusbedryf het soos een man vir die vergadering opgedaag en daar was nie leë sitplekke nie. Dit is 'n bewys van hoe Mike Holtzhausen hierdie vergaderings hanteer het en die positiewe aksies wat vanuit vorige vergaderings gevloei het. Hierdie was Mike se laaste koördineringsvergadering voor sy aftrede aan die einde van Oktober – sy wyse leiding, uitgesproke benadering en bereidwilligheid om met die bedryf te vergader sal in die toekoms gemis word – en ons wens hom net die beste toe vir sy welverdiende aftrede.

Verskeie belangrike sake is bespreek, die belangrikste sal in die nuusbrief uitgelig word. Alle voorleggings sal op www.cga.co.za (lede-afdeling) beskikbaar wees, asook die notule, wanneer gefinaliseer. Alle rolspelers word versoek om aandag aan die voorleggings te gee omdat besluite wat geneem is en reëlings wat getref is, 'n impak op die 2012-seisoen sal hê. Dit is regtig kommerwekkend dat baie besendings op grond van foute met etikette en merkvereistes van kartonne afgekeur word – aandag aan detail word vereis!!!

**Registrasies:** Registrasievorms sal teen Vrydag, 16 September beskikbaar wees; afsnydatum vir voltooiing van registrasievorms is 21 Oktober 2011 [dit moet na DAFF gekoerier word]. Alle registrasies wat ontvang word sal ingesleutel word en op DAFF se webtuiste vanaf 2 Desember tot 16 Desember 2011 beskikbaar wees – na hierdie periode is die **registrasies gesluit.** Op 10 Februarie 2012 sal die finale lys vir suurlemoene op DAFF se webtuiste beskikbaar wees en op 30 Maart 2012 sal die finale lys vir alle ander sitrus en markte beskikbaar wees. BELANGRIK – neem asseblief kennis dat vir 2012 se registrasies, boordnommers vir EU-registrasies nodig sal wees EN boordnommers moet ook OP DIE KARTON aangebring word. Produsente word versoek om alfa/numeries of alfanumeriese identifikasie vir boorde te gebruik.

DIE VERGADERING HET TELEURSTELLING UITGESPREEK DAT ELEKTRONIESE REGISTRASIES NOG NIE ONTWIKKEL IS NIE, DIE HOEVEELHEID MANNEKRAG EN PROBLEME WAT MET DIE HUIDIGE SISTEEM ONDERVIND WORD, MOES DEUR MIDDEL VAN ELEKTRONIESE REGISTRASIES OPGELOS WORD. 'n STERK BEWOORDE BOODSKAP GAAN AAN DAFF SE IT DEPARTEMENT GESTUUR WORD WAT AANDUI DAT HIERDIE SISTEEM ELEKTRONIES VIR DIE 2012 REGISTRASIES (BETYDS VIR DRUIWE SE REGISTRASIES IN AUGUSTUS 2012) MOET WEES.

**Kultivar/Variëteit name:** Uitvoerders moet aan die verskillende lande se vereistes in terme van die variëteit of kultivar naam (of handelsmerk) voldoen. Party lande het baie spesifieke vereistes, terwyl ander 'n reeks van name toelaat. Hierdie verskillende vereistes word in die "one pagers" wat op die CGA se webtuiste beskikbaar is, gespesifiseer. As daar onsekerheid is, kontak DAFF of die CGA.

**ISPM 15 vereistes vir die merk van houtverpakkingsmateriaal:** DAFF het 'n baie duidelik uiteengestte aanbieding oor die vereistes van die behandeling en merk van houtverpakkingsmateriaal gehad. Verseker asseblief dat jou palette voldoen – om 'n besending afgekeur te kry weens onwettige of verkeerde merkververeistes kan voorkom word: aandag aan detail.

**PPECB Voorlegging:** PPECB se aanbieding oor die registrasie van koelkamers (teen die einde van Februarie 2012), besprekings en dokumentasie vereistes vir houers was baie duidelik en presies. Ervaringe in 2011 is ook uitgelig.

**Food Business Operators (FBO) registrasies:** FBO's kan nou hul inligting jaarliks opdateer deur aan te teken op die DAFF sisteem – sien die voorlegging op die webtuiste vir die prosedure. Kontak asseblief vir CGA of DAFF as jy enige probleme ondervind.

**Markvereistes** – vanuit 'n fitosanitêre oogpunt was 2011 'n goeie jaar, met beperkte probleme wat ondervind is. Daardie probleme wat wel ondervind is, is tydens die aanbieding bespreek, asook veranderinge aan markvereistes. Uitvoerders na Bangladesh en Iran moet seker maak dat hul bewus is van die nuutste vereistes.

**Bactrocera invadens –** DAFF het 'n baie gedetailleerde voorlegging oor die nuutste inligting van Bi gehad. Die uitroeiing van die plaag in die noordelike Limpopo is 'n voorbeeld van effektiewe publieke/privaat betrokkenheid en probleemoplossing.

## GEPAK EN VERSKEEP

| Tot Week 35 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak | Finaal Verskeep |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2009 | 2010 | 2011 | 2010 | 2011 | 2011 | 2011 | 2010 | 2010 |
| Pomelo's | 13.8 m | 12.5 m | 16.1 m | | | 14.7m | 16.1 m | 12.5m | 12.2m |
| Sagte Sitrus | 6.7 m | 7.4 m | 6.8 m | NIE | | 7.9m | 7.3 m | 7.5m | 7.1m |
| Suurlemoene | 8.1 m | 9.3 m | 10 m | BESKIKBAAR | | 9.8m | 10 m | 9.6m | 9.4m |
| Nawels | 19.3 m | 22.9 m | 20.3 m | HIERDIE | | 19.4m | 20.3 m | 22.9m | 22.6m |
| Valencias | 28.7 m | 35.2 m | 26.2 m | WEEK | | 42.9m | 39.2 m | 46.5m | 45.9m |
| | 76.6 m | 87.3 m | 79.3 m | | | 94.7m | 92.9 m | 99m | 97.2m |

**PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM AKTIWITEITE VAN CGA, CRI EN CITRUS ACADEMY TE BEFONDS. VERSEKER SO 'N GLOBALE MEDEDINGENDE SUIDER-AFRIKAANSE SITRUSBEDRYF**